Inligting vir Posslag 2 Mei 2010

- **Voorblad**.. datum 2 Mei
- **Geen polsslag** (verwyder)
- **Welkom** (bo aan eerste kolom) herhaal
- **Op die Web (**herhaal)
- **Gemeente kamp; (**verwyder)

- **Kollektes** gaan by die deure vir **Dankbaarheidsfonds** en volgende week vir **Emeritaatsversorging.** Verlede week se kollektes was **DVB. R2018** en **bybelverspreiding R653.50**

Dienstye. (bo aan 2de kolom) herhaal

Diensbeurte Hierdie week Wyke 3,4,5,6

Volgende week Wyke 7,8,9,10

- **Bevestiging van Ouderlinge en Diakens.(**verwyder**)**
- **Kom geniet vanoggend koek en tee** (verwyder)
- **Kleingroep** opleiding direk na die erediens in die kerk.

- **Lief en Leed.**
  Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

- **Seniorlidmate:** (Verwyder)
- **Kerkterrein**: (herhaal)
- **Voet van Blad 1 (**herhaal)

- **Bydraes bankbesonderhede:** (herhaal)
- **NOG 45 DAE TOT BY ONS "FOUNTAIN'S CYCLE RACE"!!!**

Die reëlings vir die fietsresies, wat ons op 16Junie vir die 9de keer aanbied, is in volle swang.
Die hoofdoel is om koinonia in die gemeente te bevorder. Dit skep geleenthede vir elke lidmaat om op een of ander manier betrokke te raak, wat ookal jou gawe of belangstelling is.
GIEL DE BRUYN (0828883219) kan jou gebruik as beampte op die pad om die verkeer te reël vir die veiligheid van die fietsryers.
JAAP SMIT (0828035728) soek nog hulp om die 1,000 (?) fietsryers op die terrein te beheer.
As jy liewer in die kostent wil help is VALDA GOUWS (0829609688) die kontak persoon.
VERONICA V.D. WATEREN (0842472321) wag vir jou oproep om met die inskrywings te help.
Vir enige ander inligting i.v.m. die fietsren, kontak vir **WALTER BUMA (0824492850**).

- Praatjies en Kursusse
  - **Pastorale beradingskursus** (volle inligting op kennisgewingbord)
    Rondom *Eetversteurings* Saterdag 1 Mei Potchefstroom (**verwyder**)
    Rondom stres en uitbranding Saterdag 8 Mei Potchefstroom
    Rondom die tema Grense (deel 2) Saterdag 5 Junie Potchefstroom
  - Vanaf 3 Mei word "**Rondom die Kerk**" (berig in polsslag))
  - Vanaf 11 tot 15 Mei is daar 'n **Apologetiekkonferensie**

  - Jaarlikse Nooitgedacht Skoolverlaterskamp 4-9 Julie 2010 inligting op kennisgewingbord inskrywingsvorm is beskikbaar op ons gemeente se webtuiste, of kontak een van die predikante of vir Herman. Inskrywings sluit 27 Junie
    (voeg by) Hou kennisgewingbord dop vir meer skoolverlaterkampe.

- **Katkisasiekommissie leerkragte vergadering 19 April 19:00 (verwyder)**
- **Skenking gevra** (verander)
  - **Baie dankie aan die lidmaat wat gereageer het op ons versoek, ons kan nou 'n mooi kantoor inrig in Daveyton.**

- **Bybelverspreiding (**verander)

Ons het so ’n rukkie gelede afgekondig van die Bybelsverspreidingsprojek wat br Frans Muller beplan vir Zimbabwe. Daar is, na kontak met kerke in die middel-weste van Zimbabwe, besluit om ’n duisend Bybels te gaan versprei onder sowat 10 gemeentes. Een Bybel kos tans R 47-00 by die Bybelgenootskap, wat beteken dat daar R 47 000 benodig word vir die aankoop van die Bybels. Ons is baie dankbaar om die gemeente mee te deel dat ’n lidmaat die volle som vir die aankoop van die Bybels bewillig het! Ons hartlike dank aan die broeder en nou moet ons nog net die logistieke koste ondervang. As daar mense is wat wil saamgaan om die Bybels te gaan aflewer, of ander koste wil help delg, kontak asseblief met br Frans, Joe Duvenage of Rene Bosch.

- **Polsslag inligting (**herhaal)
- **Afhanklikheidsdiensgroep**

Die Afhanklikheidsdiensgroep kom Donderdagaand om 19:00 by Kees en Hinke Norel aan huis byeen. Die adres: Dobsonstraat3, Rynfield

- **Op die program:**

Maandag:	Bybelstudie Rynpark 9:30
	Bedieningskommissie 18:00
	Rondom die kerk 19:00
	Depressie ondersteuning 19:30 (kerk)
Dinsdag:	Bybelstudie 18:30
	Bybelstudie 19:00
Woensdag:	
Donderdag:	Afhanklikheidsgroep 19:00
	Hoërskooljeug Bybelstudie 19:00
	Gebedsgroep 19:30
Vrydag:	Gebedsgroep 5:30
	Bybelstudie 8:30
	Kidz Games 17:00 – 19:00
Saterdag:	Groentemark NOR 8:00

- **Geopende Deure – Egipte reis (**verwyder ek wag vir nuwe inligting)

- **Klanktoerusting, klank vir funksies, en CD’s. (herhaal)**
- **<u>Reklame agent</u>: (verwyder) (iemand het gereageer)**

- **Verjaardae: (**die doop lidmate haal ons uit en voeg by die jeug)
  5 Mei DIRK BLOEM 0845001177
  5 Mei GERHARD BREEDT 0731403452
  5 Mei CHARLENE BUYS 082 939 6925
  6 Mei MYNHARDT VELTHUYSEN (Doop)
  7 Mei BERTIE MARKRAM 0833881627
  7 Mei KAYLA SCHOLTEMEYER (Doop)
  7 Mei DANEL VENEMA (Doop) 0727861095
  8 Mei MARLEZE REINECKE 0733155268

(Laat die beroepe ontvang aanvaar en bedank uit as daar nie plek is nie, nog niks ontvang!)

- **Beroepe ontvang**.
- **Beroepe bedank.**

.

- **Beroepe aanvaar.**

- **(plaas asb die volgende op 'n aparte los blad binne die polsslag!)**

VANAF DIE KERKRAADSTAFEL

DR SAREL TERUG VAN VERLOF

Dr Sarel se langverlof kom vandag tot 'n einde – hy is Maandag weer voluit in die tuig – en begin sommer met 'n deputatevergadering in Potch. Sarel, ons hoop jy het lekker gerus en dat jy met nuwe ywer en lus in die gemeente werksaam sal wees. Die seën van die Here word op jou, jou werk en jou gesin afgebid. Welkom terug!

VERKOOP VAN FARRARMEREGEBOUEKOMPLEKS

Die Farrarmeregeboue is nou finaal (99.99999%) verkoop. Die AGS (ENDEO) het die kompleks (kerk & pastorie) gekoop vir R 3 000 000. Hulle het verbande van 2.3 miljoen Rand bekom en ons gee aan hulle 'n tweede verband van R 700 000 wat oor 'n tydperk van 10 jaar teen prima rentekoers terugbetaalbaar is. Dankie aan almal wat betrokke was by die onderhandelings en afhandel van die saak.

Dit is ook so dat met die verkoop van die geboue die einde van 'n era aanbreek. Soveel herinneringe is gekoppel aan daardie geboue – beradings, huweliksbevestigings, dope, lang, moeilike kerkraadsvergaderings, begrafnisse, en persone – persone wat gekom en gegaan het. Dit is ook nie te lank terug nie dat die gebou gebou is – 'n skamele 14 jaar gelede. Ons dank die Here vir sy voorsiening oor die jare heen en kyk nou vorentoe met 'n hernieude ywer en visie vir die deurbreek van God se koninkryk hier in Benoni!

BEGROTING 2010 – 2011

Die Kerkraad is besig met die begroting vir die volgende finansiële jaar. Alle kommissies of diensgroepe wat wil hê daar moet begroot word vir hulle werk, moet die begrotingsversoeke aan die Beheerkommissie deurgee voor 1 Mei 2010. Kontak Evert Bolt of Dirk van der Wateren.

DR DICK STEYN

Dr Steyn emeriteer weens ouderdom gedurende Juliemaand. Hy was tot nou toe uit die aktiewe diens vanweë gesondheidsredes. 'n Classis Contracta saam met die deputate vanweë die Streeksinode sal eersdaags vergader om die formele sake rondom die emeritering te hanteer.

MET ATTESTASIE VERTREK

Br Flip & sr Raaitjie Opperman vertrek na Springs met attestaat. Ons bid hulle die genade van die Here toe.

HULP AAN STUDENTE

Drie broers vanuit Louis Trichardt is tans ingeskrewe studente by die Teologiese skool – die broers Lee, waarvan die oudste (Jan Louis) verlede Sondag hier gepreek het. Hulle kerkraad vra in die kerkverband hulp met die broers se onkoste en die kerkraad het besluit om 'n kollekte hiervoor af te staan. As die kollekte minder as R 3 000 inbring, sal die bydrae deur die kerkraad aangevul word tot R 3 000. Daar sal vooraf afgekondig word wanneer hierdie kollekte opgeneem word.

RONDOM DIE KERK

“Rondom die kerk” is ’n eenvoudige kursus rondom die Heidelbergse Kategismus, bedoel vir broers en susters wat uit ander kerkverbande by ons gemeente aansluit. Ons hanteer die basiese sake rondom die Christelike godsdiens en ook dit wat ons gereformeerd maak. Dit is ook baie nuttig vir persone wat weer hulle basiese kennis oor die Christelike geloof wil opknap, en almal is welkom om dit by te woon. Die kursus is gratis, maar studiemateriaal sal teen minimale koste in gedrukte vorm beskikbaar gestel word. Die kursus duur sowat 6 – 8 weke, afhangende van die vordering. Dit word aangebied op Maandae, om 19:00 in die kerkhuis se kommissiekamer. Almal is welkom. Kontak Braam (0824595636).

GEMEENTEKAMP

Ons is dankbaar vir ’n heerlike gemeentekamp wat ons kon bywoon rondom die langnaweek. Ten spyte van die reën was dit ’n heerlike naweek van rus en mekaar leer ken. Die terrein was goed ingerig (nie luuks nie) maar ook naby genoeg dat lidmate wat moes ingaan werk toe dit kon doen en weer later by ons aansluit. Die tema vir die Bybelstudies tydens die kamp was “Wat maak ons gereformeerd?” Dit het lekker bespreking uitgelok, ook oor die vraag wat die verskil is tussen Gereformeerd en gereformeerd. Daar was ook bespreking oor die toekomstige naam van die gemeente, maar lyk of die meeste lidmate tevrede is met die status quo! (Sommige het gevoel “Gereformeerde” kan vervang word met “Reformerende”). In die besprekings het sake soos die gesag van die Bybel, die verbond, die plek van God se wet in ons lewens, doop, die kerk en die sowereiniteit van God aan die orde gekom. Ons hoop van harte dat ons volgende jaar sommer baie meer lidmate sal wees wat gaan kamp. Dankie aan die reëlingskomitee (Erna, Elma & Gavin) en almal wat hulle gehelp het. Hier is ’n foto geneem op Sondag na die erediens.

(Jeugblad)

Die agterblad:

- Predikante se liturgie